



Braam Krüger (VDM)

Nadat Braam in 1976 gematrikuleer het (Hoërskool Gerrit Maritz in Pretoria Noord) het hy aan die destydse PU vir CHO ingeskryf vir studies in Teologie aan die GKSA se Teologiese Skool. Tydens sy jare op Potchefstroom behaal hy die grade B.A., Hons.-BA. en M.A. (beide in Semitiese Tale), asook die Th.B.-graad. Tydens hierdie jare doseer hy ook verskeie modules Hebreeus aan voorgraadse studente, en hy bly tot op die hede betrokke by verskeie geleenthede vir teologiese opleiding in veral Eksegese en Hermeneutiek, asook die wyer spektrum van teologiese vakke (Beide sy ouers asook 4 susters was/is in die onderwys, so die liefde vir onderrig loop in die bloed!).

Na die voltooiing van die studies gaan hy Weermag toe, en doen vir byna 2 jaar diens in Rundu, as kapelaan by Sektor 20 Hoofkwartier asook in die plaaslike gemeente.

Hy doen daarna 'n paar maande in 1989 hulpdienste by die destydse GK Brackenhurst, voordat hy beroep word na die GK Barberton. Hy was 13 jaar hier in diens en voltooi in hierdie tyd 'n Ph.D.-graad in Teologie (Semitiese Tale). Die proefskrif handel oor die vertaling van poëtiese stof uit die Ou Testament in 'n studiegerigte tipe Afrikaanse vertaling. Hy bly betrokke by verskeie vertalingsprojekte (as konsultant vir Word for the World) in Etiopië en Zimbabwe. Hy was oor die jare betrokke by verskeie deputaatgroepe van die Algemene Sinode (GKSA) wat o.a. betrokke is by die Bybel (vertaling en verspreiding).

In 2001 aanvaar hy 'n beroep na die destydse GK Benoni (Farrarmere). In 2009 smelt die GK Benoni saam met die destydse GK Benoni-Noord. Hy bedien tot op hede hierdie gemeente.

Hy is in 1991 getroud met Donsie (gebore Bosua), en hulle het drie kinders en vier kleinkinders.

Bybelse kerkwees is vir Braam van uiterste belang. Dit beteken dat daar, volgens sy waarneming, oor jare en dekades heen 'n soort formalisme in die kerk ingekom het, wat maak dat daar 'n al te veel wettiese benadering tot die geloofslewe ontstaan het. Maar die Here Jesus eis ons harte op, Hy verwag 'n lewe wat van binne af verander! Daarom is sy bediening nog altyd gerig daarop om lidmate te help onderskei wat die dinge is waarop dit werklik aankom (Rm. 2: 18 & Flp. 1: 10). Dan sal daar oorgegaan word vanaf melk na vaste kos (Hb. 5: 11 – 6: 8). Rm. 12:1 noem hierdie proses 'n "metamorfose". Dit is die kerk se werk om mense na Jesus te roep (God se roepstem na hulle te bring) en om hulle wat tot bekering kom te begelei in geestelike groei. Dit is daarom ook van uiterste belang dat alle prediking, katekisasie, gesprekke, Bybelstudies ens. in verstaanbare taal oorgedra word (Christianese is meestal onverstaanbaar vir die man op straat!). Hierdie is 'n reformatoriese benadering tot die bediening, wat deur die genade en werking van die Heilige Gees die Woord suiwer aan die mens van die 21e eeu wil oordra.